Rapport Onderwysfonds

Tel nr: 012 644 4428
Faks nr: 012 664 1295

dinah@helpendehand.co.za
www.rapportonderwysfonds.co.za

Posbus 8766, Centurion, 0046

RAPPORT ONDERWYSFONDS INLIGTINGSTUK 2011

Voornemende en huidige studente asook huidige leningsbeurshouers wat belangstel om by die Rapport Onderwysfonds aansoek te doen vir 'n leningsbeurs in 2011 kan vanaf 1 Mei 2010 aansoekvorms by hul opleidingsinstansie of by die volgende kontakbesonderhede aanvra:

E-pos adres:	**Telefoon- en faksnommer:**	**Posadres:**
melani@helpendehand.co.za	Tel: 012 644 4428 / 4390	Die Beursfondsbeampte
dinah@helpendehand.co.za	Faks: 012 664 1295	Rapport Onderwysfonds
		Posbus 8766
		Centurion
		0046.

- Verskaf asseblief verkieslik 'n e-pos adres of faksnommer waarheen die aansoekvorms gestuur kan word.

- Die sluitingsdatum vir aansoeke is **Dinsdag 31 Augustus 2011 om 12:00**. Voltooide aansoekvorms en vereiste dokumentasie moet asb na die bostaande adresbesonderhede gestuur word.

- Hulp is in die vorm van 'n leningsbeurs waarvolgens 'n lening vir 'n jaar teen 'n baie gunstige rentekoers aan die student toegestaan word. Hierdie lening kan egter aan die hand van die jaareind akademiese uitslae volgens 'n glyskaal grootliks tot 50% in 'n beurs omskep word. Daar moet jaarliks weer vir 'n leningsbeurs aansoek gedoen word.

Daar sal vir 2011 veral weer gefokus word op studente wat hulself as onderwysers bekwaam. Verdienstelike aansoeke vir ander studierigtings sal egter ook oorweeg word. Toekenning van geldelike hulp sal geskied in die lig van beskikbare fondse en die volgende kriteria:

1. Voornemende aansoekers moet *bona fide* Afrikaanssprekende persone wees of indien die moedertaal nie Afrikaans is nie, oor 'n taalbevoegdheid in Afrikaans beskik wat hulle in staat stel om met gemak deur medium van Afrikaans te studeer.

2. Aansoekers moet vir onderwys- en opleidingsdoeleindes inskryf by 'n onderwys- en opleidingsinrigting wat ook Afrikaans as onderrigtaal aanbied en sover prakties haalbaar, alle kursuseenhede in Afrikaans neem.

3. Aansoekers vir navorsingsbeurse moet hul skripsies, verhandelinge en proefskrifte in Afrikaans skryf en indien vir eksaminering. Op hierdie stadium fokus ons egter veral op hulpverlening aan voorgraadse studente.

4. Aansoekers moet bereid wees om, indien enigsins prakties haalbaar, na voltooïng van hulle studies / opleiding, in Suid-Afrika 'n betrekking te beklee en in die geval van onderwysers / opleiers, te poog om aan 'n skool / opleidingsinrigting verbonde te wees wat ook Afrikaans as onderrigtaal aanbied en, sover omstandighede dit toelaat, deur Afrikaansmedium onderwys te gee.

5. Aansoekers wat hulle as onderwysers wil bekwaam se vakkeuses kan as oorweging by die toekenning van geldelike hulp dien, ten einde aan die behoefte van skaars vakke / leer areas of enige ander geïdentifiseerde behoefte, te voldoen.

6. Aansoekers wat hulle in ander studierigtings / vakdissiplines wil bekwaam, sal ook aan dieselfde vereistes van behoeftegerigtheid onderwerp word. Dit beteken dat behoeftes wat in die breër arbeidsmark geld, met inagneming van van die Fonds se missie en doelstellings, bepalend sal wees.

7. Geldelike ondersteuning sal hoofsaaklik aan voltydse studente gegee word. 'n Bewese prestasierekord of potensiaal met die oog op verdere studie sal swaar weeg.

8. Eienskappe soos leierskap, 'n gedissiplineerde lewensbenadering en die wil om te presteer in soverre dit uit die aansoek spreek, sal deeglik in ag geneem word.

9. Aansoeke sal oorweeg word met inagneming van die geldelike posisie van die aansoeker / ouers / voogde, en vir dié doel sal 'n middeletoets aangewend word waarin die bruto inkomste van die aansoeker / ouers / voogde, hulle vaste bates en beleggings, skuldverpligtinge en lopende uitgawes asook gesinsverpligtinge (kinders nog op skool, universiteit), deeglik in berekening gebring word.

10. In gevalle waar borgstelling van aansoekers vereis word, moet die borge uit hul bate opgawe deeglik aantoon dat hulle in staat is om hul verpligtinge na te kom indien 'n lening / leningsbeurs opgeroep moet word. Sou dit nie gedoen kan word nie kan aansoekers met besondere meriete (as suiwer weldaadsgevalle) deur die Beurskomitee aanbeveel word.

11. Indien dit uit die aansoekvorm of inligting wat deur 'n onderwysinstelling voorsien is, blyk dat die aansoeker reeds geldelike steun uit ander oorde ontvang en die finansieringsbehoefte laer blyk te wees as die bedrag wat die aansoeker aangevra het, sal slegs die werklike finansieringsbehoefte oorweeg word.

12. Die weldaadsmotief van die Fonds sal eerstens gerig wees op hulpbehoewende studente en as omstandighede andersins gelyk is, sal aansoekers wat in dié kategorie val, se aansoeke voorrang geniet.

13. Die belangrikheid dat oorweging van aansoeke op meriete moet geskied, maar ook met inagneming van die beginsel van breë verteenwoordiging met betrekking tot geslag, bevolkingsgemeenskappe en onderwys- en opleidingsinrigtings, sal deeglik in ag geneem word.

14. Aansoekers wie se ouers / voogde of hulself 'n verbintenis het met enige van die vennote van die Fonds naamlik Rapport, Solidariteit, die Afrikanerbond of Dagbreek Trust, of met instansies wat substansiële bydraes tot die Fonds gemaak het, kan ongelukkig nie voorkeur bo ander aansoekers geniet nie aangesien dit 'n fonds vir alle Afrikaanssprekendes is.

AANSOEK OM 'N RAPPORT ONDERWYSFONDS (ROF) LENINGSBEURS: 2011

SLUITINGSDATUM 31 AUGUSTUS 2010

Rapport • Solidariteit • Afrikanerbond
Registrasie Nr: 9295/443/15/5

STUDENTENOMMER

IS U TANS 'N LENINGSBEURSHOUER BY ROF? JA | NEE

INDIEN WEL, VERSKAF VERWYSINGSNOMMER

SIEN AGTERBLAD VIR VEREISTES VIR ROF-LENINGSBEURS

AFDELING A: PERSOONLIKE BESONDERHEDE VAN AANSOEKER

TITEL		VAN		VOORLETTERS	
ID NOMMER			NOEMNAAM		
INSTANSIE WAAR U GAAN STUDEER					
STUDIERIGTING (VERSKAF BYLAAG WAARIN VAKKE GESPESIFISEER WORD)					
JAAR VAN STUDIE IN 2010, BV. DERDE		INDIEN U ONDERWYS STUDEER, IS U REEDS BY 'N SKOOL IN DIENS?		JA	NEE
WOONADRES VAN OUERS/VOOG			KODE		
POSADRES VAN OUERS/VOOG			KODE		
WOONPLEK TYDENS STUDIE	OUERHUIS		PRIVAAT		UNIVERSITEITS-LOSIES
STUDIEADRES (SPESIFISEER)			KODE		
TELEFOONNOMMER TYDENS STUDIE	( )	SELFOON-NOMMER		E-POS	
AANTAL **LEDE** IN GESIN (BLOEDVERWANT)	AANTAL **STUDENTE** IN GESIN, AANSOEKER INGESLUIT (BLOEDVERWANT)		AANTAL **SKOLIERE** IN HUISHOUDING (BLOEDVERWANT)		

HUWELIKSTATUS VAN AANSOEKER: (HEG TOEPASLIKE BEWYS AAN)

NOOIT GETROUD		GETROUD		GADE OORLEDE		GESKEI		GETROUD, LEEF APART	
NAAM VAN GADE									
ADRES VAN BOGENOEMDE (INDIEN GESKEI/APART)			KODE						

WAAR HET U VAN ROF VERNEEM?	

AFDELING B: BESONDERHEDE VAN OUER(S), VOOG OF GADE

MOEDER

TITEL		VAN		VOORLETTERS		NOEMNAAM	
POSADRES			KODE				

HUWELIKSTATUS VAN MOEDER

NOOIT GETROUD		GETROUD		WEDUWEE		GESKEI		GETROUD, LEEF APART	
NAAM VAN MOEDER SE MAN (INDIEN NIE AANSOEKER SE VADER NIE)									
WERKGEWER VAN MOEDER									
TEL. NO.	( ) W	( ) H	SEL. NO.		E-POS				

VADER

TITEL		VAN		VOORLETTERS		NOEMNAAM	
POSADRES							
					KODE		

HUWELIKSTATUS VAN VADER

NOOIT GETROUD		GETROUD		WEWENAAR		GESKEI		GETROUD, LEEF APART	

NAAM VAN VADER SE VROU (INDIEN NIE AANSOEKER SE MOEDER NIE)	
WERKGEWER VAN VADER	

TEL. NO.	( ) W	( ) H	SEL. NO.		E-POS	

VOOG

IS 'N VOOG IN TERME VAN 'N HOFBEVEL AANGESTEL OF AANGEWYS, OF IN TERME VAN 'N TESTAMENT AANGESTEL?	JA	NEE

INDIEN JA, VOOG SE TITEL		VAN		VOOR-LETTERS		NOEM-NAAM	
POSADRES							
					POSKODE		

HUWELIKSTATUS VAN VOOG

NOOIT GETROUD		GETROUD		WEDUWEE/ WEWENAAR		GESKEI		GETROUD, LEEF APART	

NAAM VAN VOOG SE GADE	
WERKGEWER VAN VOOG	

TEL. NO.	( ) W	( ) H	SEL. NO.		E-POS	

JAARLIKSE INKOMSTE PER GESIN

Bewyse van BEIDE ouers/voogde se inkomste MOET aangeheg word. Verwys na VEREISTES op agterblad.

		BEROEP	JAARLIKSE INKOMSTE
VADER			
MOEDER			
VOOG			
GADE			

Ons, die ondergetekendes verklaar dat die inligting hierin vervat waar en juis is.

HANDTEKENING VAN AANSOEKER

HANDTEKENING VAN OUER OF VOOG

HANDTEKENING VAN GADE
(indien binne gemeenskap van goedere getroud)

DATUM

VEREISTES OM TE KWALIFISEER VIR 'N ROF-LENINGSBEURS

- Aansoekvorms moet volledig voltooi word en gesertifiseerde bewys van beide ouers/voogde se inkomste **MOET** aangeheg word. Die volgende is aanvaarbaar:
  - Salarisstrokies. Indien u beëdigde verklarings aflê, moet 3 maande se bankstate aangeheg wees;
  - In die geval van boere of eie besighede moet finansiële state vir 2 voorafgaande jare aangeheg word asook 3 maande se bankstate.
  - Pensioenstrokies.

Onvolledige en/of laat aansoeke kan sonder kennisgewing gediskwalifiseer word.

- 'n Bewys van u jongste akademiese uitslae en 'n onlangse CV **MOET** hierdie aansoek vergesel.
- Die aansoeker moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees wat Afrikaanssprekend is of wat Afrikaans as onderrigtaal verkies en van voorneme is om dit, sover doenlik, as onderrig- of kommunikasietaal in sy/haar werkplek te gebruik/bevorder.
- Afskrif van u ID-dokument **MOET** die aansoek vergesel.
- Die aansoek word aan keuring onderwerp. Die voltooiing van 'n aansoekvorm sal nie as waarborg dien dat 'n toekenning gedoen sal word nie. Die besluit van die Rapport Onderwysfonds is finaal en geen verdere korrespondensie sal gevoer word nie.
- Geen krediet is uitbetaalbaar nie. Indien 'n student vir welke rede ookal studies staak en 'n krediet ontstaan, sal genoemde krediet ter delging van die toekenning aangewend word. Enige verskil word in die fonds teruggeplaas.
- Aansoekers wat 'n voltydse betrekking beklee, kwalifiseer nie vir finansiële steun nie, tensy die aansoeker 'n individu is wat steun benodig vir projekte/navorsing/verdere opleiding wat die bevordering van Afrikaans ten doel het. Instansies wat projekte/navorsing bedryf wat voorafgaande ten doel het, kan ook aansoek doen.
- Aansoekers moet aan al die gestelde minimum akademiese toelatingsvereistes en/of bykomende keuring of toetse wat deur die opleidinginstansie vir die betrokke studierigting gestel mag word, voldoen.
- Hernuwingsaansoekers moet die voorafgaande studiejaar so geslaag het, dat hulle na die volgende akademiese jaar bevorderbaar is en steeds in staat is om hulle studies binne die voorgeskrewe minimum tydperk te voltooi. Studente se akademiese vordering sal met behulp van die semester-eksamens gemonitor word. Swak prestasies, waaronder die druip van 'n kursuseenheid/eenhede, kan tot die kansellering van 'n toekenning lei.
- Toekennings is slegs hernubaar vir die normale voorgeskrewe duur van die betrokke graad/diploma/sertifikaatkursus byvoorbeeld BA Ed - hernubaar vir 4 jaar; B Ing hernubaar vir 4 jaar ensovoorts.
- Die aantal toekennings aan aansoekers sal bepaal word en beperk wees tot die beskikbare fondse wat aangewend kan word terwyl die Fonds steeds onderhoubaar bestuur kan word.
- Die maksimum bedrag per aansoeker sal van jaar tot jaar bepaal word. As algemene riglyn kan die totaal verskuldig aan klas- en losiesgelde dien.
- Indien die aansoeker se werklike finansiële behoefte bepaal is en dit minder as bogenoemde maksimum toekennings is, sal die werklike finansieringsbehoefte aan suksesvolle aansoekers toegeken word.
- Deelname aan hierdie skema is onderhewig aan die aansoeker se vermoë om borgskap te bekom wat as sekuriteit en die daarstelling van 'n verwysingsbron vir moontlike opsporingsdoeleindes sal dien. Sou dit nie gedoen kan word nie, kan aansoekers met besondere meriete (as suiwer weldaadsgevalle) deur die Beurskomitee aanbeveel word.
- In geval van wangedrag en dissiplinêre optrede teen 'n student of kansellering van kursuseenhede of staking van studies vir watter rede ookal, kan die toekenning onmiddellik gekanselleer word met onmiddellike terugbetaling van die volle bedrag insluitende rente tot op datum.
- Aansoekers vir navorsingsbeurse moet hul skripsies, verhandelings en proefskrifte in Afrikaans skryf en indien vir eksaminering.
- Die aansoek om finansiële ondersteuning moet jaarliks skriftelik en op die voorgeskrewe aansoekvorm geskied.
- 'n Gedeelte van die finansiële steun toegeken kan op grond van volgehoue akademiese prestasie, in 'n beurs omskep word. Onderstaande tabel toon die mate van omskepping van die lening in 'n nie-terugbetaalbare beurs aan:

GEMIDDELD %	% AFSLAG	GEMIDDELD %	% AFSLAG	GEMIDDELD %	% AFSLAG
		60-64	35	70-74	45
55-59	30	65-69	40	75 EN >	50

- Omskepping is onderhewig aan die voltooiing van die betrokke graad/diploma/sertfikaat binne die voorgeskrewe vereistes en normale tydsduur verbonde aan die graad/diploma/sertifikaat.
- Omskepping vind jaarliks plaas nadat rente op die toegekende bedrag gehef is en mits 'n student die voorgeskrewe kursuseenhede van die kurrikulum vir die betrokke studiejaar geslaag het.
- Indien 'n student studies suksesvol voltooi en 'n graad/diploma/sertifikaat verwerf, word die leningsgedeeltes gekonsolideer en begin terugbetaling sestig (60) dae nadat graad/diploma/sertifikaat verwerf is en wel in gelyke paaiemente oor 'n tydperk gelykstaande aan die aantal jare wat die student 'n ROF-leningsbeurshouer was.
- Die Raad van Trustees van die Rapport Onderwysfonds behou die reg voor om enige lening te verdiskonteer.

AFDELING C: SLEGS VIR INSTANSIES / OPLEIERS WAT AANSOEK DOEN *(NIE VIR STUDENTE NIE)*

Naam van opleidingsinstansie

.....

Waarvoor benodig u finansiële steun?

.....

.....

Is dit 'n departementele of individuele projek?

.....

Indien individueel, is u 'n personeellid?

.....

Wat is die tydsduur en aard van u projek? (Heg beplanning en verwagte inkomste aan.)

.....

.....

Op watter wyse word Afrikaans, Afrikaanse onderwys en opleiding en/of Afrikaans as wetenskapstaal deur u projek bevorder?

.....

.....

.....

Bedrag waarvoor aansoek gedoen word (begroting aangeheg): .....

Op watter wyse gaan u terugvoer gee aan die Rapport Onderwysfonds tydens en na voltooiing van die projek?

.....

.....

.....

HANDTEKENING VAN AANSOEKER

HANDTEKENING VAN DEPARTEMENTSHOOF

DATUM

Stuur die aansoekvorm aan:

e-pos: dinah@helpendehand.co.za
Faks: 012 664 1295
Sel: 072 154 9992
Tel: 012 644 4428 / 4390

Posbus 8766
Centurion
0046